

# SARS DOEANE VERNIETIG ONWETTIGE INGEVOERDE GOEDERE TER WAARDE VAN MEER AS R7 MILJOEN

**Durban, Vrydag 29 November 2019** - Doeane-beamptes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het vroeër vandag in Durban begin met die vernietiging van verskeie onwettige ingevoerde voertuie en klerasie ter waarde van meer as R7 miljoen, ter kragtige optrede teen onwettige invoere wat die ekonomie skade doen.

Meer as 13 000 bale onwettige ingevoerde klerasie ter waarde van R6,75 miljoen, asook 15 voertuie ter waarde van R450 000, sal vernietig word.

Volgens SARS Doeane se uitvoerende hoof Mnr Patrick Moeng, is meer as 11 514 bale klerasie en skoeisel ter waarde van R2,5 miljoen en 57 voertuie ter waarde van R7,1 miljoen vernietig sedert 1 April vanjaar.

Hy het gesê dat onwettige handeldryf deur verskeie meganismes plaasvind. Dit sluit smokkeling (goedere wat onopgemerk die land binne gebring word of wat onopgemerk uitgevoer word), vervalsde besending van goedere deur 'n derde land om voordeel te trek uit voorkeur-invoerheffings en goedere bedrieglik te verklaar onder tariefopskrifte wat nie hoë heffings aantrek nie, onder andere.

Daar is onlangs 'n hoë-vlak inter-regeringstaakspan bewerkstellig tussen die departement van handel en industrie (die DTI), die kommissie van internasionale handel en administrasie (ITAC) en SARS, om onwettig handeldryf vas te vat met fokus op klerasie, tekstiele, leer en skoeisel, skrootmetaal en goud.

SARS, as lid van hierdie taakspan, het intensief in drie sleutel provinsies, met die hoogste invoervolumes in klerasie en tekstiel, gewerk. Die provinsies is Wes-Kaap, KwaZulu-Natal en Gauteng.

Mnr. Moeng het gesê dat die verwoestende impak van onwettige invoere die volgende insluit:

- invoerheffings en belasting op toegevoegde waarde (BTW) wat aan SARS verskuldig is, word nie betaal nie, wat 'n verlies tot die fiskus is
- verwringing van die plaaslike ekonomie in die betrokke waardeketting
- 'n afneem in die land se vermoë om goedere plaaslik te vervaardig
- werksverliese, veral in die vervaardigingsektor
- oortreding van intellektuele eiendomsregte
- ontmoediging van plaaslike maatskappye om innoverend in hierdie sektore te wees
- die aanvuur van korrupsie deur hierdie onwettige bedrywighede.

Mnr. Moeng het bygevoeg dat onwettige invoere ook 'n aansienlike gesondheidsrisiko inhou vir verbruikers deur die beskikbaarheid van ondergeprysde en ongereguleerde sigarette wat teenstrydig met die regering se gesondheidsbeleid is.